**Reeks:** Verwaarloosde Insig oor Verhoudings
**Titel:** Ja & Nee
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 8 Mei 2011

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

---

"Verder, het julle gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: jy mag nie vals sweer nie, maar jy moet jou ere aan die Here hou, maar ek sê vir julle, sweer hoegenaamd nie, nie by die hemel nie omdat dit die troon van God is, ook nie by die aarde nie, omdat dit die voetbank van sy voete is, ook nie by Jerusalem nie, omdat dit die stad van die groot Koning is. Ook by jou hoof mag jy nie sweer nie omdat jy nie een haar wit of swart kan maak nie, maar laat julle woord wees ja, ja, nee, nee. Wat meer is as dit is uit die bose."
***Mat 5:33-37 (AOV)***

Ons is besig om te kyk na die lering van Jesus oor verhoudings in die bergpredikasie, en Hy leer oor wat om te doen as verhoudings skeef loop, as daar 'n breuk kom in 'n verhouding, om dit te herstel. Hy leer oor trou, oor egskeiding, oor hertrou. Hy leer oor seks. Hy leer oor agressie, woede, geweld in verhoudings, en dan leer Hy oor net praat, die gebruik van woorde, en veral die woorde ja en nee in 'n verhouding.

Ons kan maklik, as ons na hierdie lering kyk, dink dit is miskien die geringe, onbelangrike deel van 'n verhouding, maar hoe meer ons dink en insig kry in wat dit beteken om die woorde ja en nee te gebruik, hoe meer kan 'n mens dalk besef dat dit dalk van die belangrikste komponente is in 'n verhouding, en jou verhouding in die lewe meer gaan bepaal as enige iets anders.

Ja en nee. Jesus sê laat jou ja ja wees en jou nee nee. Dit beteken drie goed: eerstens dat jy die vermoë het om te kan ja en nee sê. Jy het 'n gawe. Jy het 'n verantwoordelikheid om ja en nee te kan sê. Jy kan ja en nee sê. Hy leer en sê dat jy kan en moet nie ja buitekant sê nie maar eintlik binnekant nee bedoel nie, en dan beteken dit dat ons moet leer, ons moet onderskei wanneer sê ek ja en wanneer sê ek nee.

Kom ons kyk na hierdie komponente. Neem verantwoordelikheid vir ja en nee in jou lewe. Hy het vir jou daardie gawe gegee. Dis nie wat baie van ons dink nie en wat baie van ons besef nie. Ons dink baiekeer ek is maar net 'n produk van omstandighede. Ons dink baiekeer ek het nie eintlik keuses om te maak nie. Ek is... ek word beheer. Ek kyk na buitekant toe. Die lokus van die beheer van my lewe is nie binne in my nie. Ek kan nie eintlik iets daaraan doen nie, dit is van buite af wat dit gebeur, soos Aaron.

Moses kom van die berg af en die volk het 'n goue kalf gemaak, en hy vra vir Aaron wat gaan hier aan. Aaron: dis nie ek nie; dis die mense. Dis wat hulle wou gehad het. Jy ken die mense; jy weet hoe hulle is. Ek kan nie help nie.

Ons woorde gee ons baiekeer weg. Ons sê jy het my kwaad gemaak. Iemand het dit baie goed geïllustreer toe hy 'n beker water gevat het en hy gooi dit oor die ander persoon uit, en die persoon sê, hey, jy maak my kwaad. Hy sê, nee, ek het jou net natgemaak. Jy het kwaad geword.

Die taal van persoonlike verantwoordelikheid sal eerder wees ek het nou kwaad geword, maar ek kan my emosies bestuur en ek kan ander opsies uitoefen as om te skreeu en net te kere te gaan oor dit wat hier gebeur het. Dis 'n ander manier om te dink en te reageer, of ek het nie... ek het nie 'n keuse nie. Hoeveel keer het jy dit al gesê? Ek het nie 'n keuse nie.

Dit is met ander woorde... is deterministies. Die wêreld kom na my toe. Ek word beheer; ek is 'n prooi, ek kan nie ja of nee sê nie, terwyl die waarheid is dat in hierdie situasie lyk dit vir my asof ek daardie keuse moet uitoefen, so ek verkies om dit nou te doen, maar ek gaan my opsies oophou en ek gaan kyk of daar nie ander moontlikhede is nie. Dis 'n ander manier van kyk. Dis 'n ander manier van praat. Alhoewel ek nie kan kies in baie opsigte kan ek kies hoe ek gaan reageer.

Ek kan nie kies wat met my gebeur nie, maar ek kan kies hoe ek gaan reageer in daardie situasie en omstandighede. Ons het keuses. Ons kan dit dalk so uitbeeld met twee sirkels. Daar is 'n deel van jou lewe waarop jy invloed het. Party goed het jy direkte invloed op; jy bepaal dit heeltemal, dan is daar goed wat jy indirekte invloed op het; jy is nie totaal in beheer van dit nie, dit is 'n gryser area, en dan is daar 'n gedeelte van jou lewe waaroor jy net besorgd kan wees, waaroor jy geen beheer het nie. Dis 'n groot deel van die lewe.

Jy weet, jy het nie jou ouers gekies nie. Jy het nie jou kleur van jou vel gekies nie, dit is vir jou gegee, baie van die genetiese samestelling. Jy kies nie die weer nie. Jy kies nie die ekonomie nie. Daar is groot magte buite jou beheer wat jy net kan aanvaar, en dis die realiteit van jou lewe wat jy moet omhels, maar dan is daar 'n gedeelte waaroor jy invloed het, en die Bybel leer ons dat ons veral invloed het oor ons innerlike wêreld.

Jy moet verantwoordelikheid vat van wat jy dink, van wat jy voel, en vir baie mense is dit 'n eye opener. Ek kan mos nou nie help hoe ek voel nie, maar as die Bybel sê wees bly, wat beteken dit? Dit beteken jy kan jou emosies... jy het 'n invloed daaroor. Jy kan dalk nie dadelik nie, maar deur 'n sekere manier van lewe te openbaar, deur op 'n sekere manier te begin dink gaan jy anderster begin voel oor die lewe.

© Mosaiek

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Jy het beheer oor jou houding, jou ingesteldheid, jou attitude. Jy is in beheer daarvan, en ons kan kies, en as jy fokus op wat jy kan doen... nou, mense: jy het nie ‘n invloed oor mense nie. Jy het indirekte invloed. Ek kan sê wat ek dink. Kyk, as ek oor die grens gaan begin ek te manipuleer. Wanneer ek pushy raak, wanneer ek jou probeer doen wat ek wil hê jy moet nou doen vir my kan dit manipulerend raak. Dis negatief, maar ek het invloed. Ek kan vir jou sê wat ek dink, ek kan vir jou sê wat ek sien, ek kan vir jou sê wat ek voel, maar die keuse bly joune, wat jy daarmee gaan maak.
Ek het nie beheer oor ander mense nie. Ek het indirekte invloed, en ek moet ook aanvaar as hulle anderster besluit en as hulle anderster dink daaroor, maar my fokus is op dit wat ek kan beheer, en Jesus vat ons soontoe om te sê: maar jy kan kies. Jy het ‘n vermoë. Jy is ‘n mens. Jy is anderster as diere. Jy is nie net geprogrammeer... jy is nie ‘n computer nie. Jy is geprogramme en nou leef jy nou maar uit hoe jou ouers jou geprogrammeer het nie. Nee, jy kan ‘n produk wees, ook nie van jou pyn en van jou verlede nie. Jy kan nou ‘n produk wees van die keuses wat jy nou maak.
Jy is ook nie ‘n dier nie. Ek lewe net volgens instink en impulse. Ek kan nie help nie, dis hoe ek voel. Nee, ek kan kies, al kan ek net kies hoe ek kyk na die ding, al kan ek net kies hoe voel ek daaroor, al kan ek net kies wat my houding gaan wees daaroor, ek kan kies, en hoe meer ek fokus op dit wat ek kan kies hoe groter raak hierdie vermoë in my, en hoe groter raak hierdie wêreld van my wat ek kan beïnvloed, en ons kan vir... ons... baie van ons is... gaan verbaas wees as jy begin te groei en begin agterkom hoe groot is jou keuses wat jy kan maak.
Die tweede groot ding is: leef met integriteit. Integriteit kom van die Latynse woordjie integra af, wat beteken om een te wees, to be integrated, alles het bymekaargekom, alles is een, en ons kan dit dalk so uitspel: as jou waardes en jou optredes bymekaar uitkom het jy integriteit, met ander woorde as dit wat jy ag binne in jou, dis vir my belangrik, dis hoe ek voel, dis hoe ek dink oor iets, en ek voel sterk daaroor, ek raak omgekrap as jy dit nie ag nie en as mense dit nie so doen nie, dis jou waardes, as my lewe my waardes weerspieël, as ek met ander woorde doen en sê wat ooreenstem met dit wat binne in my is.
Nou, hierdie intergriteitsbreuk vind op ‘n klomp maniere binne in ons plaas. Dink net ‘n bietjie, jy kan iets sê, maar dan voel jy heeltemal iets anderster, huh? Kom kuier by my. Ag, ek sal so graag wou. Ek voel ek is nie lus daarvoor nie. Jou woorde verskil van wat jy voel hier binne in jou. Dis ‘n integriteitsbreuk wat besig is om plaas te vind, en dit kan verskil met jou denke. Dit kan verskil met wat ek hier sê, en ek sê ‘n ander ding op ‘n ander plek. Dit ‘n integriteitsgaping. Daar is nie eenheid in jou lewe nie.
Nou, net heel interessant, ek het ‘n navorsingstuk gelees van iemand wat meen dat hierdie gaping hou direk verband met die geluk in jou lewe. Daardie gaping is eintlik jou ongeluksgeneigtheid in die lewe. As jy daardie gaping toemaak is jy ‘n gelukkige mens. Maak daardie gaping toe in jou lewe, met ander woorde sê wat jy bedoel, en doen wat jy sê. Laat jou ja ja wees. Moenie sê ja en dan eintlik dan bedoel jy nee hier binnekant nie, en eintlik wou jy nee gesê het, en eintlik moes jy nee gesê het nie.
Nou, vir party van ons is dit baie moeiliker as vir ander van ons, veral byvoorbeeld om die woordjie nee te sê. Jy weet, jy is... jy wil harmonie hê in verhoudings, en laat ek vra, wie van julle vind partykeer dit moeilik om nee te sê? Jy voel skuldig as jy nee sê, want jy voel nou stel ek daardie mense teleur, want hulle wil dit so graag gedoen het. Wees eerlik, is hier enige iemand? Hier is ‘n hele paar hande wat opgaan. Dit is die persone wat meer ingestel is op harmonie en op vrede in die lewe.
Nou, jy kry ‘n ander tipe mens. Dit is nie moeilik vir hom om nee te sê nie. Hy sê baie maklik nee. Hy is meer ingestel op beheer. Jy weet, jy kry die inskiklikes en jy kry die beheerders. Jy kry die compliants en die controllers, jy weet. Ek gaan nie vir hulle vra om hulle hande op te steek nie, want wie is jy nou om vir my te... ek sal mos... vir my sê wanneer om my hand op te steek nie, huh, jy weet, ek is in control, moenie vir my sê wat ek moet doen nie, nê, so ek gaan nie eers vra nie, maar dis baie maklik om hulle uit te ken.
Wie se hand rus nou op die armlening? Dis die controllers, nê, huh? Kyk die arme ou langs jou. Tien jaar, sy arm het nog nooit... hy het ‘n spastiese armpie. Gee hom ook ‘n kans. Dis die ouens wat gewoonlik baie sterk grense het, maar hulle het nie baie groot respek vir ander mense se grense nie, so hulle kan nie maklik nee vat nie. Hulle verwag jy moet nee kan vat.
Kyk, nou wat gebeur as ‘n inskiklike met ‘n beheerder... as daardie twee bymekaarkom? Wat gebeur? Hulle trou, jy weet, en in daardie verhouding... in die begin... kyk, die eerste drie jaar is hemel op aarde. Sy werk saam, hy werk saam, dis net great, jy weet, en dis hoe ek... kom ons gaan doen dit. Ag nee, ek is nie eintlik lus... great man, jy gaan nie spyt wees nie. Sy sê nee, maar hy hoor ja, huh? Dit werk great vir ‘n ruk, maar na ‘n ruk dan... die adult / parent verhouding, jy weet, die baas / klaas, dit werk nie.
Kyk, as jy nie groei nie dan bly dit vir altyd werk, maar as jy groei dan werk dit nie, dan sê... maar ek wil nie die heeltyd baas wees nie. Die ander een sê, maar ek wil nie die heeltyd die kind wees wat net moet inval en wat moet saamwerk nie, en dan begin daar spanning in daardie verhouding te kom. Dit is hoekom dit so belangrik is om te leer om nee te sê, en dis hoekom dit so belangrik is om nee te kan hoor en dit te kan aanvaar, so ons almal moet groei in hierdie area, of dit nou maklik is vir jou of... dan is dit gewoonlik nie maklik om dit te hoor en te vat nie, en die manier waarop baie van ons grootword help ons nie eintlik om daardie spiertjie te ontoefen nie.
Jy weet, jy word... op 18 maande beleef jy jouself as ‘n aparte mens. Dit is jou psigiese geboorte wat plaasvind op 18 maande, daar rond. Dit is hoekom daardie terrible twos dan aanbreek. Ek sal nie. Ek wil... los uit, myne, jy

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

weet. Hoekom? Daar is 'n psigiese geboorte wat plaasvind. Hey, ek is 'n aparte mens. Ek kan kies. Ek kan sê ja, ek kan sê nee. Jy ontdek iets daarvan.
Nou, ongelukkig verstaan baie van ons dit heeltemal verkeerd wat met die kind gebeur op daardie stadium, en ons wiks dit vinnig uit hom uit om nee te sê. Jy sal saamwerk. Moenie so suinig wees nie; deel die karretjie, huh? Jy mag nie nee sê nie. En wat doen ons lateraan in baie van ons opvoeding?
As jy 'n goeie Afrikaanse opvoeding het dan word jy gestraf as jy nie wil saamwerk in die huis nie. Ons gee vir jou 'n koue skouer. Jy sal nie poeding kry vanaand nie, nê, of ons gee hom net 'n koue skouer, so ek voel ek... as ek nee sê is dit nie okay nie. Dis nie okay om nee te sê nie, so wat gebeur? Daardie spiertjie word slap. Ons kan nie nee sê nie, huh?
Dan gaan jy so in verhoudings in, en dis 'n... dis natuurlik die... dis die tipe meisie wat ouens soek vir 'n date, nê, en dis die ouens wat 'n pa al ruik as hy so aankom: nee, jy gaan nie saam met hom nie, huh? Ek besluit sommer nou vir jou: nee, maar jy moet self kan leer, jy moet daardie spiertjie kan oefen, en dis so jammer dat baie van ons gaan so in verhoudings. Ons het nooit geleer nie, en ons is nou... ons is al groot, ons is al oumas en ons is al oupas, en ons sukkel nog steeds om nee te kan sê.
Nou, Spurgeon het gesê dit gaan vir jou meer beteken om nee te kan sê as wat dit is om Latyn of Grieks te kan praat, en wat hy bedoel het is dis meer belangrik om hierdie vermoë, innerlike ability te ontwikkel in jou as wat dit is om 'n groot geleerdheid te hê.
Jy kan 'n groot geleerdheid hê, jy kan 'n baie hoê IK hê, maar jy kan geen emosionele intelligensie hê en sosiale intelligensie beskik en die vermoë te ontwikkel om te kan nee sê, en jy kan 'n misrabele lewe leef daardeur. Leer om nee te kan sê. Leer om hierdie vermoë wat jy het te kan beoefen, om by bymekaar te kan kom, om integriteit te kan hê.
Om integriteit te kan hê beteken ook as ek sê nee dan is dit nee, en dan kan jy staatmaak daarop. Dit... ek sal my woord hou. Ek sal my woord hou. Kyk, ons hanteer die verlede deur vergifnis, maar ons skep vir ons 'n toekoms deur integriteit, deur my ja ja te maak, want dan kan daar trust in 'n verhouding wees, ek kan jou vertrou. Daar is 'n kongruensie, daar is 'n voorspelbaarheid aan jou, en daarom weet ek jy het jou woord vir my gegee, en dit is eintlik waaroor...
Hierdie gedeelte in Matteus 5 gaan nie daaroor dat jy mag nie beloftes maak nie. Daar is Christene wat so dink in die wêreld. Kyk, dit was 'n orale wêreld waaruit hulle gekom het daardie tyd. Hulle het nie kontrakte geskryf en geteken nie, soos vandag nie, en dis gewoonlik wanneer ons by beloftes kom, maar God het belowe. Hy het 'n verbond gemaak. Jesus het belowe. Paulus het belowe. Dit beteken nie jy mag nie beloftes maak nie, maar wat die beteken is in 'n orale wêreld moes ek my kontrak wat ek moet jou sluit voor ander mense doen.
Nou was daar sekere plekke wat meer bindend was as ander mense, so as ek dit by Jerusalem doen, nee, dis 'n groot plek, dis 'n belangrike plek daardie, so as jy dit in Jerusalem doen dan is hy meer soort van bindend, of as ek dit by die Here doen, jy weet, of as ek my hand op die Bybel sit, dit is meer as wat ek net my hand op Shakespeare sit, dan kan dit maar bietjie... huh, to be or not to be, maar nou... en nou sê hy nee, maar dis nie hoe dit werk nie, God is altyd daar, jy weet, en ek wil jou vra, as jy nou deur... as jy 'n week 'n reality show moet hê en 'n ou loop elke oomblik agter jou aan met 'n kamera, en elke... gaan jou optrede dan verander? Gaan jy skielik anderster praat en jou woorde... of gaan dit dieselfde wees as wat dit is?
Dis eintlik wat Jesus vra. Hy sê maar jy lewe voor God. Laat jou woorde gewig dra. Sê ja, dan is dit ja, dan gaan dit so wees, ek kan staatmaak daarop, en dis 'n groot uitdaging vir die tyd waarin ons lewe. In die eerste plek, ons wil nie daardie commitments maak nie. Ek wil my opsies oophou. Hoekom? Want ek word beheer deur my gevoelens en deur my passion, jy weet.
Sê nou net daar kom 'n beter geleentheid, dan het ek nou klaar ja gesê. Nee, ek my... ek wil nie ja sê nie, huh, of ek sê ja, en dis seker van die pynlikste woorde wat ek gereeld hoor, maar jy het dan gesê. Jy het dan gesê. Ek... nou doen jy anderster. Ag man, sorry. Dit het nou my pad langs gekom, maar ek het nie gedink dit gaan met my gebeur nie, dis net... maar wat sê ek? Hey, my gevoel is belangriker as dit... as my commitments wat ek gemaak het, daarom wil ek nie commitments maak nie, of daarom breek ek my commitments.
As die Bybel se etiek in een sin opgesom kan word is dit moenie doen wat jy voel om te doen nie, maar doen wat reg is om te doen. Dis die Bybel se etiek, want jy is nie 'n computer nie, en jy is nie 'n dier nie. Jy kan. Bly by dit wat jy gesê het. Dis 'n oproep. Lewe met integriteit. Leer om nee te sê. Leer om ja te sê.
Ons sê partykeer ja vir goed waarvoor ons nee moet sê, en ons weet dit. Partykeer wil ons dit nie erken nie. Ons kies goed wat ons lewe benadeel, wat ons afbreek, nê. Ons noem dit sonde. Kyk, dit is nie noodwendig... die Here is nie teen goed omdat dit lekker is nie. Die Here is teen goed omdat dit anti lewe is, omdat dit vernietigend uiteindelik op jou lewe inwerk. Nou, baie van ons glo dit nie, maar dit is so, en ons word geroep om te glo. Glo dis beter om nie te jok nie. Glo dis beter om so te leef. Doen dit.
Nou, ons moet met ander woorde nee sê. Ons val in 'n versoeking om ja te sê vir iets waarvoor ons moet nee sê, en die manier waarop ons dit kan hanteer is deur te erken ek moes nee gesê het. Solank as wat jy dit nog veg en rasionaliseer: nee, ag, dis nie so bad nie, man, almal doen dit, tye het verander, dis outmodies, met ander woorde ek glo nie dis verkeerd nie. Die Bybel sê dit, die Here se dit, dis... vir 2.000 jaar glo die kerk dit, verkondig die kerk dit, en die kerk sê dit is sonde, dis verkeerd om dit te doen. Nee, ek dink daardie tyd is nou verby, dit het verander, huh? Rasionaliseer, veg dit. Ek ontken dit. Nee, dis nie eintlik wat ek gedoen het nie. Dis nie...

Die probleem is dat jy nooit in kontak kom met jou kwesbaarheid, met jou verganklikheid, met jou mensheid nie, met jou menswees nie, en dit is baie gevaarlik, want op daardie oomblik begin jy te breek met realiteit, en wanneer jy breek met realiteit dan raak daardie breuk al hoe groter.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Die Bybel sê... Paulus sê mense begin om die waarheid vir die leuen te verruil. Jy glo lateraan jouself. Jy glo lateraan die leuen, en jy kan jou lewe totaal vernietig daardeur, so wanneer jy moes nee sê, erken, Here, help my, ek het gefaal. Die die eerste stap tot genesing.

Ek meen, AA het ons geleer. Die mees suksesvolste program in die geskiedenis van die mensdom om mense te help met verslawing sê die eerste stap is om te erken jy het 'n probleem. As jy nie dit kan doen nie kan niks gebeur in jou lewe nie. Ek moes nee gesê het. Ek het ja gesê. Dis waar jou journey van herstel kan begin, en al kan jy nie dadelik aanhou om nee te sê nie gaan jy in kontak bly met realiteit en 'n baie nederige mens word omdat jy weet, ek is nog nie daar om nee te kan sê nie.

Vir party dinge is dit moeilik. Ons weet nie altyd is dit ja of nee nie. Jy weet, Galasiërs 6 is 'n voorbeeld daarvan, waar Paulus sê dra mekaar se laste, maar elkeen sal sy eie pak dra. In verhoudings: jy het 'n pak wat jy moet dra. Niemand kan dit vir jou dra nie, net jy kan. Jy het 'n las waarmee mense jou kan help. Ek... jy het 'n las waarmee ek jou kan help, en ek moet jou ondersteun.

Ek moet jou help om jou las te dra, maar ek kan nie jou pak vir jou dra nie, en dit raak baiekeer fuzzy, en ons ruil hierdie twee goed om, en dan probeer ek jou... die redders probeer om iemand anderster se pak vir hom te dra, en dan mors jy natuurlik net alles op want jy kan nie iemand se pak... net hy kan kan sy lewe leef. Net hy kan sy lewe leef. Jy kan hom help en ondersteun met baie aspekte van sy lewe, maar net hy kan sy kruis dra, net hy kan sy lewe leef.

'n Voorbeeld: die barmhartige Samaritaan. Kyk hom deur die bril van ja / nee. Daar kom 'n priester en 'n Leviet verby. Hulle sê nee. Hulle moes ja gesê het, volgens die storie. Hulle moes ja... en Jesus vertel hierdie gelykenis om ons te leer en brille te geen om anderster te kyk na die lewe. Jy moes ja gesê het, nou sê jy nee. Hulle het hulle redes, baie godsdienstige redes. Hulle het Bybelse redes.

Die Bybel sê as jy aan 'n dooie man vat mag jy vir sewe dae nie diens doen in die tempel nie. Hy is 'n priester. Hy is op pad tempel toe, Jerusalem toe, van Jerigo Jerusalem toe. Dis tempel... Jerigo is die priester stad. Hy gaan diens doen in die tempel. Die Bybel sê as ek... ek vat 'n kans. Ek vat aan hierdie ou, hy is dood, dan kan ek nie gaan diens doen nie. Wat is die belangrikste, om God te dien of om mense te help, huh? Wat is die belangrikste? Ek gaan aanbid. Ek gaan God dien. Ek het 'n skrif daarvoor, vir wat ek doen. Hy is verkeerd. Hy moes ja sê.

Die barmharitge Samaritaan sê ja, maar hy sê nie net onvoorwaardelik ja nie. Hy sê nie sit hom in die herberg, ek sal elke jaar die rekening... 'n endless tab laat... betaal vir sy drinks, gaan aan, hy kan vir altyd hier bly nie. Huh-uh. Hy sê ook nie vir hom kom bly by my huis nie. Hy het grense. Vir 'n tyd gaan ek hom help, maar dan moet hy self, huh, jy weet.

Soos Jesus, Hy se ja vir mense, maar dit beteken nie enige tyd 24 /7 Hy is beskikbaar nie. Hy kon mense help, dan sê Hy nee, Ek gaan hulle nie nou help nie, Ek gaan alleen wees sodat ek mense kan help. Dit het te doen met grense, in ons huise, opvoeding, kinders. Ek meen, hierdie is 'n baie, baie algemene ding wat gebeur. Ek is bored, huh, het julle al...? Ek het altyd dit probeer herfraseer as hy na ons toe kom en sê ek is verveeld, dan sê ek nee man, dit... jy is vervelig nou. Moenie probeer slim wees nie, pa. Ek is bored.

So, wat doen jy as 'n ouer? Hoekom... so dis jou probleem. Hy is bored, dis jou probleem, huh? Wie se... is dit 'n pak of is dit 'n las? Ons verstaan nie altyd hierdie ding nie, nê? Okay, so dit... dis 'n las. Ek moet hom help; ek moet hom dra, so... en het jy al ooit met 'n briljante idee opgekom wat hom help, huh? Nee. Hoekom speel jy nie bietjie nie? Ek het vir jou daardie fantastiese computer... ag nee.

Al wat sal help is as jy geld uithaal en tyd gee. Vat hom vir inkopies en goed, en hoe help dit? Net vir 'n rukkie. Na baie opoffering, moeite, val hy weer presies terug in die... so... huh? Wat daarvan? Maar eintlik is dit nie my probleem as jy bored is nie. Jy is 'n briljante kind. Jy het sopas agtergekom jy is bored, huh? Jy is in kontak met jouself. Jy is 'n fenominale wese, en nou maak jy my so excited want ek gaan nou kyk hoe jy hierdie kreatiwiteit van jou gaan gebruik. Wie se probleem is dit?

En die probleem is as ons ingryp en ons hou aan help dan sê ons as jy lank genoeg nag en vêr genoeg val en... dan gaan jy gered word, dan sal ek jou pak vir jou kom dra, huh, en dan gaan ons so in 'n verhouding in, en ons gaan so in 'n huwelik in. Jy moet my lewe laat draai. Ek is nie happy nie. Maak my happy, huh? Wie se probleem is dit? Ons meng dit op. Ons weet nie altyd nie. Is dit ja? Is dit nee? Ons sê ja, maar dit moet eintlik nee wees.

Dan is daar natuurlik goed waarvan ons totaal onbewus is van waarvoor ons moet nee sê, en is dit nie 'n eye opener as jy na die lewe van Jesus kyk nie, veral wanneer dit kom by die ekkigheid, nê. Jesus sê... hulle sê vir Hom, Here, kom ons bid laat vuur uit die hemel uit kom en hierdie ouens verteer. Jesus sê nee. Ekkigheid. Kom ons wys hulle wie is reg. Kom ons wys hulle wie is baas. Kom ons wys aan wie se kant is God. Kom ons wys hulle, huh?

Jesus sê laat My kind aan jou regterkant... aan jou linkerkant sit. Nee. Okay, ek kon dit nie maak nie, maar my kinders gaan dit maak. Ek gaan deur my kinders leef. Ek worry nie. Ek kan niks wees nie, solank my kinders net iets is in die lewe, nê. Dis my pride. Dis my joy. Ek lewe deur my kinders. Jesus sê nee. Kom ons maak U

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

koning. Nou, Jesus was nie soos Aaron nie. Kom ons maak hom koning. Nee, sê Jesus. As Hy soos Aaron was, ag okay, julle moenie man, ek wil... nou maar okay, as julle wil dan... huh? Nee. Nee. Ekkigheid.
My professor by wie ek klas kry sê vir my die ekkigheid is soos 'n swart spinnekop op 'n donker klip in die nag. Jy kan hom nie lekker sien nie. Jy weet nie hy is daar nie, en hy is daar in jou lewe, en ons is totaal onbewus dat ons moet nee sê, en ons sê die heeltyd ja. Ons weet nie. Ons moet groei. Ons oë moet oopgaan. Ons moet ja sê. Ons moet leer om ja te sê.
Die Here kom na die Israeliete toe en Hy sê vir die Israeliete Ek hou vir julle lewe en dood voor: kies. Die twee groot goed waaroor die lewe uiteindelik gaan; alles kan jy terugvat na twee goed toe. Dis lewe of dis dood. Sê jy ja, of sê jy nee? Sê jy ja vir die lewe? As jy die lewe kies, kies jy My. Sê ja. Sê ja vir God. Sê ja vir lewe. Sê ja vir jou lewe. Sê ja vir jou lewe. Jy weet, baie van ons het nog nie eers jou lewe embrace nie. Daar is geen celebration vir jou lewe nie. Jou lewe het 'n kruis, maar dis jou lewe. Leef hom. Leef hom.
Jy weet, hoe ouer ek nou word hoe meer begin ek te besef hoe baie van... hoe baie wou ek... hoe baie wil ek nog die lewe beheer. Jy weet, ek sê nie ja vir alles... nee, ek sê nee vir daardie. Ek sê nee vir daardie deel van my... ek sê... ek kan nie my hele... ek wil hierdie lewe hê. Ek wil nie daardie lewe hê nie, maar daardie is my lewe. Ek wil die lewe beheer. Ek wil...
Een van die maniere waarop ek die lewe probeer beheer is om alles te probeer verstaan. Jy kan nie alles verstaan nie. Jy moet dit lewe. Jy kan liefde nooit heeltemal verstaan nie. Jy moet liefde lewe. Jou gevoelens: ek probeer my gevoelens verstaan, ek probeer my gevoelens... gevoelens... voel jou gevoelens. Voel net jou gevoelens. Probeer jy alles verstaan, alles probeer verander. Omhels jou lewe. Sê ja vir jou lewe. Vat jou lewe. Sê ja vir God, vir die gawes wat Hy vir jou gegee het. Ek veg nie. Ek probeer nie die heeltyd iemand anderster wees wie ek nie is nie. Ek embrace my lewe. Ek sê ja vir die lewe. Dis hoe Hy my gemaak het. Dis hoe ek nie is nie.
Ek probeer nie 'n sangloopbaan en... terwyl ek nie kan sing nie, en ek kry 'n stemoorplanting en ek kry lesse en ek kry die beste kitaar wat ingevoer word en alles wat... maar ek kan nie. Los dit. Embrace jou lewe. Sê ja vir jou lewe. Waar werk Hy in jou lewe? Volg Hom. Werk saam met Hom. Sê ja, U wil, U wil. Ek sê ja vir lewe.
Ek het eenkeer 'n gedig gelees wat by my spook: EE Cummings. Hy sê: yes is a world, and in this world, skillfully curled, all worlds. Yes is a world, and in this world, skilllfully curled, all worlds. Sê ja. Sê ja. Kan jy dink hoe sal 'n wêreld wees waar almal se ja ja is? Dink net 'n bietjie daaraan. Die politici van Suid-Afrika, as hy so sê dan moet jy weet dit is so, huh?
Kan julle dink aan hoe... hoe sal dit wees om in so 'n wêreld te leef waar 'n tweedehandse motor verkoopsman se ja ja is, huh, waar predikante se woord... ja ja is. Ek bid vir jou. Okay. Mm? Hoe sal die wêreld wees as jy in jou wêreld net jou ja ja word, huh, daardie goed bymekaar kom? Dis hoe die lewe werk. Ons is nie gemaak om onder die water asem te haal nie. Jesus sê vir ons moenie onder die water asemhaal nie; lewe so, dan gaan jy lewe.
Ek het 'n interessante stukkie gelees van kommunisme, en die persoon meen dat kommunisime gedisintegreer het juis om die feit dat alle integriteit verlore gaan. Jy kon niemand meer vertrou nie. As jy met die psigiater praat dan gaan vertel die psigiater vir die geheime polisie wie jy is en wat jy gedoen het en waarmee jy worstel en waarmee jy besig is, en dit het uiteindelik daartoe gelei omdat daar nie 'n ja is wat ja is en 'n nee wat nee... alles het geblur. Niemand het geweet as dit ja is is dit ja, of as dit nee is is dit nee... ek weet nie hoe werk dit nie, het daardie hele stelsel gedisintegreer. Ons lewe.
So, waar is jy? Was jy miskien daardie spiertjie wat geoefen moet word? Hy is op 18 maande begrawe, en jy is nou 18 jaar, mm? Jy weet, miskien net om verantwoordelikheid te vat, om uit 'n reaktiewe lewe uit te kom en uit 'n plek uit te kom waar die lokus van kontrole is alles buite my. Ek het niks binne my nie. Om verantwoordelikheid te vat vir my lewe, keuses uit te oefen, die konsekwensies daarvan te vat, te leer daardeur, maar te kies. Jy weet, miskien is dit om nee te sê, te leer om nee te sê, te erken ek kan nie nee sê nie, insig te kry in waar moet ek nee sê, om ja te sê, ja te sê vir lewe, vir God.
Kom ons bid saam. Vader, baie dankie dat ons hier kan saam wees vanmôre. Ons dank U vir U Woord wat U vir ons gee wat 'n lig is vir ons pad. Ons besef dis dalk verwaarloosde insig oor verhoudings, baie oud, maar vars, dinamies, relevant vir ons hier, vandag, nou. Gee ons insig. Maak ons oë oop om diep te kan insien in U Woord in, en wat U vir ons lewens het.
Vat ons in hierdie koninkrykslewe in. Vat ons in hierdie wêreld in waarin U wil hê ons moet nou al begin te in lewe, waar goed gebeur soos wat U wil hê dit moet gebeur, waar die lewe deur ons vloei en waar ons dit kan vier, waar ons dit voel. Ons dank U daarvoor.
Help ons vanmôre, vir die van ons wat in groot pyn is, vir die van ons wat geweldig uitgedaag is vanmôre dalk, vir die van ons wie se lewens ontspoor het en alles in skerwe lê en ons weet nie waar om te begin nie, en ons met soveel pyn sit en ons net heeltemal deurmekaar is. Help ons. Help ons om te kan sien, om te kan opstaan, om te kan doen wat U wil hê ons moet doen. Help ons om oop te maak vir die mense wat ons nodig het om ons te help. In Jesus se naam, amen.
Mag jy in hierdie week wat voorlê die krag ervaar daarvan om te kan ja sê en te kan nee sê. Amen.